

Die krag van die Woord

Op die oppervlak vertoon die sendingwerk in Ikonium die volgende patroon: prediking in die sinagoge, gevolg deur gemengde reaksie van geloof en verset, maar uiteindelik moet Paulus-hulle vertrek. Ook op persoonlike vlak vind daar ingrypende dinge plaas. Lukas wil hê ons moet sien hoe die krag van die Here seëvier. Dit maak nie saak watter woelinge op die oppervlak plaasvind nie – sy krag is soos 'n diepvloeiende stroom wat alle teenstand oorwin. Die krag van God se Woord word geïllustreer deur die bekering van 'n “groot aantal” Jode en Grieke – ondanks felle weerstand. Deur die eeue kry ons hierdie patroon: God se Woord is sterker as die hardste mensehart en oorwin alle teenstand. Al hoe meer tree die Jode na vore as die eintlike teenstanders van die evangelie.

In Listra val die klem van die sendingwerk op daadverkondiging en dit bewerk by die heidene 'n heidense reaksie. Die daadverkondiging het die mense se aandag onmiddellik op die krag van die evangelie gevestig: hulle sien 'n verlamde man spring op en loop rond (vs 10)! Die godsdienstige reaksie is tipies heidens: Zeus en Hermes het ons besoek! Die lewende Here openbaar sy krag in hulle midde, maar hulle kan net afgode raaksien.

Dit is 'n sprekende voorbeeld van ons diepe verdorwenheid. Elke dag lewe ons van die genade en gawes van God, maar ons antwoord aan God is telkens verward en verdraaid. Die voorval in Listra loop uit op dwaling en teenstand en 'n poging om Paulus te stenig. Die heidendom het egter sy alleenheerskappy verloor. Die deur van die geloof het oopgegaan en later is 'n gemeente ook daar gestig. Die krag van God se Woord werk ook in ons lewe. Om ag te slaan op die Woord, beteken om volle aandag daaraan te gee. Niemand kan aan die Woord volle aandag gee sonder dat hy/sy óók op die Here vertrou nie. Wie op die Here vertrou, sal die goeie vind! Ons belewe slegte tye en daar is baie ellende; maar wie op die Woord ag gee en op die Here vertrou, sal sy heil sien!

Sing: Psalm 33:5

Prof F Denkema (Emeritus)